Goedkoop boer is duur boer

Gert Fourie

Gedurende 1999 koop Johan en Pieter ‘n wildplaas tussen Warmbad en Thabazimbi. Die grootte is ongeveer 2000 ha en hulle betaal R 5 miljoen vir hierdie toegespande wildplaas, met die volgende wild op die lys: 20 buffel, 6 seekoei, 70 sebra, 55 blouwildebees, 13 waterbok, 33 rooihartbees, 30 vaalribbok, 45 blesbok, 38 eland, 275 rooibok, 60 koedoe, 15 bosbok, 22 njala en 14 kameelperde. Die vorige eienaar het slegs 3 jaar gelede hierdie spogplaas toegespan en ‘n wildtelling is onderneem net voor Pieter en Johan die plaas gekoop het.

Pieter en Johan is baie in hulle skik met die wildgetalle - ry jy op die plaas, sien jy baie wild en dit is mos hoekom hulle die plaas gekoop het - sodat hulle kliente naweke kan bring vir wildbesigtiging. Die plaas het immers 3 netjiese chalets wat uitgehuur kan word teen R 400,00 per nag indien hulle nie die akkommodasie self gebruik nie.

Die plaas is in ‘n goeie toestand en was uitmuntend bestuur as beesplaas deur die vorige eienaar. Johan en Pieter besluit om geen veld- of wildbestuursplan te laat opstel nie, want hulle voel dat dit onnodig is. Gevolglik word geen monitering van die veld gedoen nie, geen brandbestuursprogram of beplanning vir wildbestuur nie. Geen beplanning van toeristepaaie of verbetering van die waterverspreiding en vorige beessuipings word gedoen nie.

Die jaar 2000 is ‘n goeie jaar, die reënval is ver bo gemiddeld en behalwe vir die verkoop van drie jong buffels word geen wild hierdie jaar geoes nie - Johan en Pieter voel albei dat hulle nie nou al wil jag nie - miskien in 2001. Wild het in 2000 baie goed aangeteel en wildgetalle verhoog met ‘n gemiddeld van ongeveer 20%. Geen wildtelling word gedoen gedurende die laat winter van 2000 nie.

Die reënval gedurende 2000/2001 reënseisoen is nie baie goed nie en is ongeveer 75 tot 100 mm onder die gemiddeld vir hierdie omgewing. Dit is jagseisoen 2001 en Johan en Pieter besluit om ‘n paar bokkies plat te trek hierdie jaar. Hulleself en die seuns haal 15 rooibokke en 10 koedoes af. Laat winter 2001 en die arbeiders vind drie keer dooie koedoebulle in die veld. Pieter en Johan is dit eens dat dit toe te skryf is aan die laer reënval.

Die 2001/2002 seisoen word gemiddelde reënval ondervind. Tydens die jaar 2002 is hulle baie besig by die werk en kom min op die plaas behalwe wanneer die mense betaal moet word en om sout af te laai (‘n mens moet darem ‘n bietjie bestuur ook toepas). Geen wild word tydens 2002 afgehaal nie - hulle is beide te besig by die werk en gaan jag buitendien hierdie jaar in Zimbabwe.

Dit is 2003 en weereens word gemiddelde reënval aangeteken. Hierdie jaar besluit Pieter en Johan om te laat biltongjag op die plaas -“ ‘n mens kan mos sodoende ‘n bietjie inkomste verdien en buitendien is daar seker nou-al oorskot wild”. Biltongjagters word onthaal op die plaas en tussen die 25 jagters wat die jagseisoen kom jag het, is 18 koedoes, 40 rooibokke, 8 blouwildbeeste, 4 elande gejag. Weereens vrek ‘n paar koedoes aan die einde van die winterseisoen. Wanneer die teelseisoen aanbreek is dit asof die wild nie goed aanteel nie.

2004 het weer ondergemiddelde reënval. Weer word wild afgehaal gedurende die jagseisoen, maar dit is asof die jagters nie mooi reg kom hierdie jaar nie - sukkel soms om deur die bos te sien - slegs 50% van die vorige jaar se wild wat afgehaal was, word nou gejag. Wintertyd vrek ‘n hele aantal koedoes en die wild lyk maar effens dun. Wanneer die somer aanbreek, is die hoeveelheid nuwelinge baie skaars.

Die jaar 2005 en die hulp van ‘n ekoloog word ingeroep - die aanteel is swak, grasbedekking is nie baie goed nie, erosie kom plek-plek voor en ‘n groot gedeelte op die plaas begin ernstige bosverdigting toon.

‘n Evaluasie van die veld toon dat die potensiaal van die veld van hierdie “spogplaas” maar 14.5 ha/GVE is teenoor die gemiddeld van die omgewing van 10.5 ha/GVE.

Die studie toon verder dat wild se aanteel drasties afgeneem het - wildgetalle was sedert 1999 te hoog en aanteel wild is jaarliks nooit behoorlik geoes oor hierdie periode nie. Die veld is huidiglik 100% oorbelaai en die kombinasie van manlik teenoor vroulike diere is heeltemaal verkeerd.

Bosbeheer word aanbeveel op 500 ha van die plaas, met ‘n koste van ongeveer R1000/ha.

Dringende beheer van erosie (ook met ernstige finansiële implikasies) word ook aanbeveel. Die ekoloog bepaal dat die veld die afgelope 7 jaar oorbelaai was met wild en voorspel verder dat die herstel van die veld tussen 15 en 20 jaar kan neem.

Kom ons beweeg terug in tyd na 1999 en gestel Gerhard en Willem het hierdie plaas gekoop. Veronderstel hulle het dadelik besluit om die veldtoestand te laat evalueer en ‘n behoorlike veld- en wildbestuursprogram te laat opstel.

Die ekoloog bepaal dat die veld oorbelaai is en dat oorskot wild dadelik verkoop moet word. Wild word verminder en die volgende hoeveelhede word nou aangehou:

20 buffels, 6 seekoeie, 50 sebra, 38 blouwildebees, 11 waterbok, 25 rooihartbees, 30 vaalribbok, 25 blesbok, 33 eland, 198 rooibok, 45 koedoe, 15 bosbok, 20 njala en 10 kameelperde.

Die korrekte verhouding manlik tot vroulike diere word aangehou om sodoende maksimum reproduksie in 2000 te verseker. Die inkomste uit die verkoopte oorskot diere word aangewend om nuwe brandpaaie te skep sodat ‘n brandbestuursprogram gevolg kan word. Dit word ook aangewend om die bietjie bosverdigting wat begin voorkom, hok te slaan. Nuwe suipings word gemaak om goeie wildverspreiding te verseker en ou beeskrippe word omskep in geskikte suipings vir wild.

Bemarking van biltongjag en toerisme word onmiddelik gedoen en gedurende die 2000 jagseisoen word die regte persentasie aanteelwild afgehaal. ‘n Goeie inkomste word uit die biltongjag en toerisme gegenereer.

Elke tweede jaar (2001,2003 en 2005) word ‘n wildtelling gedoen en veld gemoniteer om sodoende te verseker dat die regte bestuur toegepas word.

Jaarliks word ongeveer 25% van die wild afgehaal om te bly by die aanbevole getalle (2003 se moniteringstudie toon aan dat veld verbeter het en dat wildgetalle effens verhoog kan word)

In hierdie periode word daar elke jaar brandbestuur toegepas en elke jaar (behalwe tydens droër 2001) word ‘n ander gedeelte gebrand om sodoende ‘n mate van wisselweiding toe te pas.
In 5 jaar (2000 tot 2005) is ‘n inkomste van R 1 448 400,00 verdien uit die wildverkope en jag van aanteel wild (‘n gemiddelde aanteel van ongeveer 25% per jaar het voorgekom en dieselfde persentasie wild is gejag).
Toerisme op die plaas was goed - die toeristepad is goed beplan en goed in stand gehou. Toeriste het genoeg wild gesien en het die oop landskap sonder bosverdigting waardeer. Toeristekaarte is voorsien en hulle het dit geniet om betrokke te raak by die monitering van wildgetalle. Die 3 chalets was bykans elke naweek bespreek en het ‘n goeie inkomste van R 350 000,00 oor die vyf jaar periode opgelewer.
Deur die korrekte beplanning en monitering het Gerhard en Willem nie net ‘n baie hoër inkomste uit die plaas verseker nie, maar is die veldtoestand so verbeter dat selfs ‘n hoër weidingskapasiteit ontwikkel het.
Hierdie is net fiktiewe mense en gebeure, maar ons kry dikwels te doen met hierdie scenarios. Korrekte beplanning en bestuur verseker nie net volhoubare langtermyn inkomste nie, maar kan ook oor ‘n relatiewe kort periode van vyf tot sewe jaar ‘n groot verskil in inkomste verseker - sien tabel hieronder.
Hierdie is ‘n baie vereenvoudigde model en kan nie gebruik word as riglyn nie - skakel eerder vir Gert of Nanette Fourie by 082 9295277 of info@ekofocus.co.za